

Sondag 25 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:29-40

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:32-38

Veel vermag en veel gely deur die geloof

Het ware geloof altyd net positiewe gevolge? Die gelowige beleef wel positiewe resultate, maar swaarkry en teenslae tref hom ook.

Drie groepe bekende gelowiges het *positiewe resultate* beleef. Daar was egter selfs op die enkele terrein van oorlog onverklaarbare verskille. In die val van die mure van Jerigo en die oorwinning van Gideon en sy bende het menslike inset bykans geen rol gespeel nie. Dawid en sy leër moes weer dap-per vir hulle oorwinnings veg. In sy finale geveg het Simson sy lewe verloor (Rigt. 16:30).

Elke keer het die Here se ingrype positiewe gevolge gehad. Gee jy die Here die eer vir die positiewe wat jy ervaar?

Die prentjie in verse 35b tot 38 is heeltemal anders: Gelowiges is selfs *vervolg* juis *omdat hulle glo*. Dit klop met Jesus se eis van selfverloëning en die opneem van die kruis van iemand wat Hom wil volg (Matt. 16:24). Is jy gereed om te glo, al word jy vervolg?

Vir almal wat glo, is die afloop altyd positief. Die Here laat alles vir ons ten goede meewerk. Ons weet Hy het sy Seun vir ons gegee. Saam met Hom gee Hy ons alles in genade (Rom. 8:28, 32).

Wat ons omstandighede ook al is, die hoofsaak is en bly: Bly glo, volhard in die krag en die geloof wat die Heilige Gees gee, staan vas in vertroue dat die Here altyd woord hou, altyd sy doel bereik. Ons sal dit as volledige werklikheid ervaar wanneer Jesus Christus weer kom.

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)